

Die Groot Gejaag



SABBATMIDDAG

Lees vir Vandeeweek se Studie: *Gen. 2:1-3, Jer. 45:1-5, Eks. 20:11, 2 Sam. 7:12, Mark. 6:30-32 en Gen. 4:1-17*

Geheueteks: “Here, ek verlang, ek hunker na u woning. Met my hele wese, liggaam en gees, wil ek jubel oor die lewende God” (*Ps. 84:2, NLV*).

Tik, tik, tik – so gaan die tyd om. Dit staan net nooit stil nie. Slegs twee ure en dan is dit Sabbat! Chrystal sug. Sy bekyk haar woonstelletjie. Die kinders se speelgoed lê nog steeds oral in die sitkamer rond en die kombuis lyk asof ’n orkaan dit getref het. Om alles te kroon, lê hul jongste, Vernon, in die bed met koors. Boonop het Mary ingestem om môre die lidmate en besoekers by die deur te verwelkom, wat beteken dat hulle ’n halfuur vroeër moet vertrek. *As ek net môre ’n bietjie rus en vrede kan vind, dink Chrystal weemoedig.*

Terselfdertyd bevind Chrystal se man, Sydney, homself net mooi aan die ander kant van die dorp. Hy staan met hul kruideniersware in die ry by die betaalpunt. Die verkeer soontoe was ’n nagmerrie en die betaalpuntrye is vreeslik lank. Dit lyk of die hele wêreld besluit het om nou inkopies te kom doen! *Wanneer gaan dié gejaag ophou? Dit kan nie so aangaan nie, sug Sydney innerlik. Is dit waaroor hierdie lewe gaan – net ’n dolle bestaan?*

Spitstye, werksure, doktersafsprake, Skype-gesprekke, inkopies doen en skoolfunksies – hierdie is die klas van dinge wat ons lewens reël. Dit maak nie saak of ’n mens openbare vervoer gebruik of op ’n bromponie ry of selfs die gesin in ’n bussie van punt A na punt B neem nie – een ding is seker: ons konstante interaksie met die wêreld skep ’n soort rumoer wat ware stilte verdryf.

Die vraag is net: hoe vind ’n mens, in die gestamp en gestoot van die lewe, nou rus vir jou siel?

**Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 3e Julie.*

Moeg en Mat

Lees Genesis 2:1-3. Hoekom het God 'n rusdag geskep nog voordat enigeen moeg kon raak?

Nog voor die mensdom rooimiere begin gekry het, en self besluit het om spanningsvolle lewens te begin lei, het die Here ons 'n baken in die tyd gegee. Dit is 'n baken wat ons skeppingsgeheue op 'n belewenisryke manier verfris, 'n spesiale dag waarop ons ons aktiwiteite staak en doelbewus die lewe geniet. Dit is 'n dag vir wees en nie vir doen nie; 'n dag om ons te verlustig in die gawe van gras en vars lug, van wilde diere en water in die natuur, asook die gawe van ons medemens, en bowenal van die Skeppergod as die gewer van alle goeie gawes.

Hierdie was nie 'n eenmalige uitnodiging wat skielik verstryk het na ons stamouers uit Eden gesit is nie. Nee, God wou seker maak dat daardie uitnodiging vir ewig en altyd geldig sou wees. So skeep Hy dan die Sabbat as deel van die onderbou van tyd. Die uitnodiging is dus altyd daar, dit word weekliks herhaal, en nooit die mens om elke sewende dag rustig die skepping te vier.

Ons is eintlik veronderstel om fisiek minder moeg te wees as die mense wat 200 jaar terug geleef het, siende dat ons oor soveel moeite-besparende toestelle beskik. Tog is dit nie die geval nie. Rus is deesdae 'n luukse. Ons bly vreeslik besig met allerhande dinge, selfs al werk ons nie. Om een of ander rede is ons altyd op 'n manier agter. Al het ons ook hoe baie vermag, daar is altyd nog dinge wat gedoen moet word.

Navorsing toon boonop dat ons minder slaap, met baie mense wat hoogs afhanklik van kafeïen is ten einde aan die gang te bly. Ten spyte van vinniger selfone, rekenaars en internet-konneksies lyk dit of ons nooit genoeg tyd het nie.

Wat leer die volgende teksverse ons oor die nut van rus? *Markus 6:31, Psalm 4:8, Eksodus 23:12, Deuteronomium 5:14 en Matteus 11:28.*

Ons Skepper het geweet dat die mens fisieke rus nou benodig. Hy het kringlope vasgestel in die tyd met bakens soos dag, nag en die Sabbat, en gun ons sodoende die geleentheid om liggaamlik te rus. Om Jesus persoonlik as Heer en Heiland aanvaar, beteken onder andere dat die gelowige erns maak met die Godgegewe bevel om te rus. Die Sabbat is immers nie 'n voorstel nie, maar 'n gebod!

Dink 'n bietjie aan jou eie gejaagde bestaan? Hoe moet 'n mens maak – beide in 'n fisieke en geestelike sin – om die rus wat God vir ons wil hê op 'n meer daadwerklike wyse te beleef?

Emosionele Uitputting

'n Gebrek aan slaap, en uitputting vanweë liggaamlike ooreising, is nie probleme wat 'n mens as niks kan afmaak nie. Veel erger is egter die gevoel dat jou “battery pap is” (m.a.w. dat jy emosioneel uitgeput is). 'n Gebrek aan slaap en emosionele uitdagings – dié twee tesame kan sielododend wees.

Dink 'n bietjie aan Jeremia se skriba, Barug. Hy het seker ook met emosionele uitputting gestoei. Barug het immers die doodsrikke van die stad Jerusalem beleef; kort voor die chaos, lyding en onstuimigheid wat op die Babiloniërs se vernietiging van daardie stad sou volg.

Lees Jeremia 45:1-5. Gee flussies 'n opsomming van Barug se gemoedstoestand.

Stel jou dit voor: God stuur 'n boodskap spesiaal net vir jou? Barug het so 'n boodskap direk van God se troonkamer af ontvang (*Jer. 45:2*). Die Bybel sê dat dit “in die vierde regeringsjaar van koning Jojakim van Juda,” ongeveer 605 of 604 v.C., gebeur het. Jeremia 45:3 is 'n raak beskrywing, in 'n neutredop, van hoe 'n mens voel wanneer jy emosioneel uitgeput is.

Die prentjie wat die Woord oor hierdie tydperk skilder, toon duidelik dat Barug se klagtes nie net pure iesegrimmigheid was nie. Hy het rede gehad om moedeloos en emosioneel uitgemergel te wees. Verskriklike dinge het destyds gebeur, en nog meer was op pad.

Hoe reageer die Here op Barug se pyn? Lees Jeremia 45:4 en 5.

God se reaksie op Barug se daadwerklike pyn herinner die leser aan 'n belangrike feit: dat God se hartseer en pyn waarskynlik eksponensieel groter as dié van sy dienskneg was. God het Jerusalem gevestig en opgebou, en nou gaan Hy dit verwoes. Israel was die spreekwoordelike wingerd wat Hy geplant het (*Jes. 5:1-7*), maar nou gaan Hy sy volk ontwortel en in ballingskap wegvoer. Hy sou dit anders wou hê, maar ongelukkig het die volk se rebellie teen Hom dit genoodsaak.

Tog was daar hoop vir Barug te midde van dié rampe: te midde van vernietiging, ballingskap en verlies sou God Barug se lewe spaar.

Lees weer wat die Here vir Barug sê. Watter les kan ons ook daaruit put? Met ander woorde, wat sê dit vir 'n mens omtrent die soort bystand wat God aan die gelowige gee, asook ook in watter tye Hy dit gee?

Die Ou-Testamentiese Betekenis van Rus

Rus is iets wat ons almal ongetwyfeld benodig. Dit verklaar hoekom dit 'n deurlopende tema in die Skrif is. Hoewel die Here ons geskep het om 'n aktiwiteit-georiënteerde lewe te lei, moet daardie aktiwiteite met rus afgewissel word.

Die Hebreuse Ou Testament het byvoorbeeld 'n aantal terme wat met rus te make het. Waar dit in Genesis 2:2 en 3 praat van God wat op die pasgesepte sewende dag gerus het, word die werkwoord *shabbat* gebruik. Ons ken dit natuurlik as die selfstandige naamwoord Sabbat. In sy werkwoordelike vorm beteken dit “om op te hou werk,” “om te rus” of “om met vakansie te gaan.” Dié werkwoord word ook in Eksodus 5:5 in 'n kousatiewe vorm gebruik. ('n Kousatiewe werkwoord dui daarop dat jy iemand sover bring om iets te doen). Die werkwoord in vers 5 word dus soos volg vertaal: “om iemand te laat rus” nadat hulle natuurlik gewerk het. In dié vers beskuldig die ontstoke farao vir Moses daarvan dat hy die Israeliete “laat rus het” terwyl hulle eintlik moes werk.

Waar dit in die vierde gebod praat van God wat aktief op die Sewendedag-sabbat gerus het, het ons die Hebreuse werkwoord *nuakh* ('n meer sinvolle Afrikaanse transliterasie sal seker noag wees). Lees Eks. 20:11 en Deut. 5:14. In Job 3:13 word hierdie werkwoord as “rus” vertaal. Dit kan ook meer figuurlik as “neergesit” vertolk word, soos dit die geval in Numeri 10:36 (in die *NAB* en *NLV*) is. Hier verwys dit na die verbondsark wat op sy plek neergesit word nadat geskuif is. In 2 Konings 2:15 roep die profete-seuns uit dat “Die gees van Elia op Elisa rus” (*OAB, klem verskaf*).

'n Verdere werkwoord wat met rus te make het, is *shaqat* – “om rustende te wees,” “om iemand se nood te verlig” of “om stil te wees.” Dit word in Josua 11:23 gebruik, verwysende na die land wat van oorlog rus nadat Josua dit ingeneem het. *Shaqat* dui klaarblyklik op die begrip “vrede” in die boeke Josua en Rigters.

Die werkwoord *raga* dui ook op rus. In Deuteronomium waarsku die Here teen ongehoorsaamheid, en sê dat die volk geen rus in ballingskap sal hê nie (*hfst. 28:65, OAB*). Dieselfde werkwoord verskyn ook in 'n kousatiewe vorm in Jeremia 50:34, waar dit praat van die Here wat rus of onrus teweegbring.

Lees Deuteronomium 31:16 en 2 Samuel 7:12. Watter soort rus praat hierdie skrifgedeeltes van?

Beide verse bevat idiomatiese uitdrukkings wat die werkwoord *shakab* gebruik, wat letterlik “om te gaan lê” of “om te slaap” beteken. Let op die verbond tussen God en Dawid, en ook die volgende belofte wat die Here aangaande die Dawidiese koningshuis maak: “Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee” (*2 Sam. 7:12, OAB, klem verskaf*).

Hierdie lang (en boonop onvolledige) lys van Hebreuse woorde wat op rus dui, laat 'n mens besef dat rus as 'n teologiese begrip nie net op een of twee woordjies érens in die Bybel steun nie. Volgens die Bybel rus ons in 'n individuele en kollektiewe sin. Dit het ook 'n liggaamlike, maatskaplike en emosionele sy, en dui op meer as net die Sabbatdag.

Die dood is ongetwyfeld ons vyand, 'n vyand wat eendag vernietig sal word. Ten spyte van die feit dat ons treur oor die afsterf van geliefdes en hulle inderdaad mis, is dit nietemin vertroostend dat hulle (ten minste tot die opstandingsmôre toe) in die graf rus. Hoe so?

Rus in die Nuwe Testament

’n Werkwoord vir rus wat dikwels in die Nuwe Testament verskyn, is *anapauō* – te wete “om te rus,” “om te ontspan” of “om verfris.” ’n Mens kom dit in Jesus se beroemde woorde tee, waar hy in Matteus 11 vers 28 sê: “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee” (*OAB, klem verskaf*). Dit kan ook op liggaamlike rus dui (*Matt. 26:45*). Let ook op die einde van Paulus se eerste sendbrief aan die Korintiërs, in die gedeelte waar hy groet. Hy verbly hom oor die aankoms van bepaalde vriende en noem dat dit sy gees verkwik het (*hfst. 16:18, NAB*).

’n Verdere werkwoord wat met rus te make het, is *hēsychazō*. Dit praat van die dissipels se Sabbatsrus en vergelyk dit met Jesus se rus in die graf (*Luk. 23:56*). *Hēsychazō* word egter ook gebruik om te sê dat iemand ’n stil lewe lei (*1 Tess. 4:11*) of selfs dat iemand geen kapsie maak nie en derhalwe stilbly (*Hand. 11:18*).

Waar die Sendbrief aan die Hebreërs, in hoofstuk 4:4, van God praat wat op die sewende dag van die skepping gerus het, gebruik dit die Griekse werkwoord *katapauō*, “om ’n aktiwiteit tot ’n einde te laat kom,” “om tot ruste te bring” of “om te rus.” Dit weerspieël dié werkwoord se gebruik in die Septuagint, die Griekse vertaling van die Ou Testament. Besonder interessant is die feit dat meerderheid van *katapauō* se Nuwe-Testamentiese gebruike in Hebreërs 4 verskyn.

Lees Markus 6:30-32. Hoekom het Jesus sy dissipels aangesê om ’n bietjie eenkant te sit en rus, en dit te midde van ’n fantastiese uitreikgeleentheid? Kyk ’n bietjie na die breër konteks van Markus 6 om jou met die antwoord te help.

“Kom julle alleen saam na ’n stil plek toe en rus ’n bietjie” (*Mark. 6:31, NAB*) word nie hier as ’n uitnodiging uitgedruk nie. Dit is in die imperatiewe vorm van die werkwoord – m.a.w. dit is ’n bevel. Jesus was bekommerd oor sy dissipels en hul liggaamlike en psigiese welstand. Hulle het pas teruggekeer van ’n uitgebreide sendingreis, waarin hulle twee-twee uitgestuur is (*Mark. 6:7*). Markus 6:30 sê dat die dissipels met hul terugkeer vreeslik opgetoë was. Hulle kon nie wag om hul suksesse en flaters met Jesus te deel nie. Tog stop Hy hulle net daar en sê dat hulle eers moet rus. Markus verduidelik egter flussies hoekom Jesus dit gedoen het: “Daar was baie mense wat gedurig gekom en gegaan het, sodat Jesus en sy dissipels selfs nie kans gehad het om iets te eet nie” (*hfst. 6:31, NAB*). Die uitdagings en harwar van sieleredding kan soms oorweldigend wees – dit was duidelik ook ’n probleem vir die dissipels! Jesus herinner die gelowige hier aan ’n belangrike feit: dat ’n mens op jou liggaamlike en psigiese gesondheid moet let deur rustye te skeduleer.

Dink ’n bietjie aan enigeen in jul plaaslike gemeente wat by sieleredding betrokke is – soos die predikant, ’n ouderling of enige leier – en wat gevolglik op uitbranding afstuur. Op watter maniere kan ’n mens sulke persone bystaan en hul taak ligter maak? Wat kan jy doen om aan diesulke te toon dat hul pogings en moeite waardeer word. Hoe kan jy hulle help om rus te vind?

'n Doellose Swerwer

Lees Lees Genesis 4:1-12. Hoe is dit dat Kain “’n doellose swerwer op aarde” (Gen. 4:12, NIV) geword het?

Die Bybel sê nie pertinent hoekom die Here Abel se offer aanvaar het, maar nie Kain s’n nie (Gen. 4:4, 5). Tog weet ons hoekom. Ellen G. White skryf: “Kain het al murmurerende tot God gegaan, sonder om te glo in die [Verlosser se] beloofde offer en die belangrikheid van die offerstelsel. Daar was geen boetvaardigheid te bespeur in die offer wat hy gebring het nie. Hy het dieselfde houding gehad as wat talle deesdae het: dat die pligsgetroue navolging van die geopenbaarde verlossingsplan – en die onwrikbare geloof dat sy verlossing slegs in die soendood van die beloofde Verlosser lê – op die belydenis van ’n swakkeling sou neerkom. Kain het dus die paadjie van eiegeregtigheid gekies. Syns insiens het hy inherent oor die nodige meriete vir ’n offerhande beskik” (*Patriarchs and Prophets*, bl. 72).

Die uitspraak dat Kain ’n “’n doellose swerwer op aarde” sou wees, dui nie daarop dat dit deur God se toedoen was nie. Allermens. Hy het ’n swerwer as gevolg van sy eie ongehoorsaamheid en sondige optrede geword. Sy rus was nie in Christus nie. So het Kain dan agtergekom dat hy nêrens elders innerlike vrede kon vind nie, ten minste nie die soort gemoedsrus wat waarlik tel nie.

In Genesis 4:4 sê dit dat God Abel se offer “genadig aangesien” (OAB) oftewel “aangeneem” (NAB) het. Die Hebreuse woord wat hier gebruik word, kan ook as “versigtig bekyk” of “goed deurdink” vertolk word. Die doel hiervan was nie soseer ’n noukeurige inspeksie van die offer self nie, maar eintlik ’n deeglike hartsondersoek om te bepaal wat die houding van die een is wat die offer gebring het. Die verwerping van Kain se vrugte-offer is nie die arbitrêre reaksie van ’n wispelturige God nie. Dit beskryf eerder ’n proses – ’n versigtige oorweging, ’n karakterondersoek, ’n hartsondersoek – om die houding en beweegredes van die een wat die offer bring, te bepaal. Dit is eintlik ’n goeie voorbeeld van ’n ondersoekende oordeel.

Lees Genesis 4:13-17 en beskryf Kain se reaksie op God se oordeel.

Wanneer ’n mens van God af probeer weghardloop, word jy rusteloos. Daar is ’n leemte waar God se genade eens was – een wat ’n mens met stofflike dinge, interpersoonlike verhoudings of oorvol lewens probeer vul. Kain het sommer ’n stad en ’n dinastie op die been probeer bring. Hierdie is groot prestasies en getuig van deursettingsvermoë en hope energie; maar die opbou van so ’n godlonende dinastie en van ’n stad, uit rebellie teen God, sal sulke ondernemings uiteindelik laat misluk.

Soms – of meer korrek, gewoonlik – pluk ’n mens die bitter vrugte van sonde. Hoe gemaak om nietemin die aanbod van vergifnis vir daardie sonde wat deur Christus se soendood kom, te leer aanvaar?

Stof tot nadenke: “Volgens die destydse rabbi’s was ’n lewe gevul met ’n magdom werke die somtotaal van ’n opregte geloofslewe. Die vertoon van korrekte handeling was die groot bewys vir hul superieure vroomheid. [So het] die rabbi’s dan hulself van God geskei. Eiegeregtigheid is gekoester. Tog loop ons vandag steeds dieselfde gevaar. Gelowiges raak vreeslik besig en behaal sukses in hul onderskeie bedienings. Dit kan egter uitloop op ’n vertroue in die mens en sy [of haar] planne en metodes. Die neiging om minder te bid en minder geloof aan die dag te lê, steek kop uit. Soos die dissipels van ouds loop ons die gevaar om ons afhanklikheid aan God uit die oog te verloor, en so begin ons om ons aktiwiteite ons verlosser te maak. Ons behoort [eerder] voortdurend die oog op Jesus gerig te hou, met die besef dat die werk van God deur sý mag verrig word. Hoewel ons ons aktief en opreg vir sielredding moet beywer, moet ons ook tyd vir bepeinsing, gebed en die bestudering van Gods Woord inruim. Slegs die werk van God wat met vele gebed verrig word en wat deur die verdienste van Christus geheilig word, sal uiteindelik as doeltreffend en heilsaam bewys word” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 362).

Besprekingspunte:

- ① Die konstante druk van voor bly in ’n aktiwiteit-ge vulde lewe, om altyd beskikbaar te wees (hetsy liggaamlik of aanlyn), en om ideale na te streef wat onrealisties en mensgemaak is – hierdie dinge kan ’n mens se gesondheid aantast – en kan jou emosioneel, liggaamlik of geestelik siek maak. Hoe kan die gemeente ’n meer verwelkomende tuiste word vir diegene wat afgemat is, vir al die moeë siele wat smag na ware rus?
- ② Is ons as gelowiges dalk te bedrywig, selfs met die werk van die Here? Dink ’n bietjie aan die verhaal van Jesus en sy dissipels in Markus 6:30-32. Hoe kan ’n mens dit toepas? Bespreek dit tydens Sabbatskool in klasverband.
- ③ In 1899 is ’n spoedrekord gebreek. Iemand het dit reggekry om 63.15 kilometer per uur in ’n motorkar te haal – en boonop sonder om te verongeluk! Vandag se motors ry natuurlik heelwat vinniger as dit. Insgelyks is die spoed van die processors in ons selfone aansienlik vinniger as die vorige generasie se vinnigste groot rekenaars. Lugvaart is ook vinnig as wat dit eens op ’n tyd was, en daardie spoed neem boonop toe. Die punt is dat bykans alles wat ons deesdae doen vinniger as in die verlede is. Beteken dit egter veel? Ons bly gejaagd en kry steeds nie genoeg rus nie. Wat sê dit vir ’n mens oor die aard van die mens en hoekom die Here rus so belangrik gegag het dat Hy dit by die tien gebooue ingesluit het?
- ④ Die Sabbatsrus is reeds in Eden, voor die sondeval, ingestel. Bedink dit ’n bietjie. Dié bybelwaarheid het natuurlik interessante teologiese implikasies. Watter belangrike punt bring dit egter tuis aangaande die mens se behoefte aan rus, en dit toe die wêreld nog ’n volmaakte en sondelose plek was?